



BEROEPSLUI AL HOE MEER BESORG OOR DIE EKONOMIE – OPNAME

Resultate van die PPS se jongste *Graduate Professionals Confidence Index*, wat die vertrouensvlakke van byna 3 000 Suid-Afrikaanse gegradueerde beroepslui meet, toon 'n skerp afname in vertroue in die plaaslike ekonomiese situasie.

Die opname, wat kwartaalliks uitgevoer word, meet vertrouensvlakke ten opsigte van verskeie kwessies soos die ekonomie, emigrasie, misdaad, gesondheidsorg en beskikbare geleenthede in beroepslui se verkose beroepe.

Volgens Gerhard Joubert, Hoof van Groepbemarking en Belanghebbertrekkings by die PPS, wys die resultate dat die stand van die ekonomie tans een van die dringendste kwessies vir gegradueerde beroepslui is. “Inflasie bly hoog, wat die druk op die individu se finansies laat toeneem, terwyl dit terselfdertyd blyk dat die ekonomiese herstel besig is om af te plat met amptelike statistieke wat toon dat ekonomiese groei tot 'n 2-jaar laagtepunt van 1.3% in die tweede kwartaal verlangsaam het.”

Gegradueerde beroepslui se vertroue in die ekonomiese vooruitsigte vir Suid-Afrika oor die volgende 12 maande het tot 56% geval in die derde kwartaal, vanaf 64% in die voorafgaande drie maande. Die vooruitsigte vir die plaaslike aandelemark het ook skerp gedaal, met 'n vertrouensvlak van 56% in die derde kwartaal, vergeleke met 64% in die voorafgaande drie maande. 59% van respondente het ook gesê dat hulle nie verwag dat die rand teen ander vername geldeenhede oor die volgende 12 maande sal versterk nie.

“Beroepslui is minder seker as voorheen oor die vooruitsigte vir aandele oor die volgende 12 maande, en die meerderheid voel dat die rand waarskynlik sal verswak teenoor ander vername geldeenhede oor die volgende 12 maande,” sê Nick Battersby, Uitvoerende Hoof by PPS-Beleggings. “Hierdie mening is ten spyte van aansienlike verkope van aandele tydens die kwartaal, en die verswakking van die rand teenoor die meeste vername geldeenhede.”

Vertroue dat die ergste van die ekonomiese woelinge al vir Suid-Afrika agter die rug is, was ook laag – slegs 45 % – terwyl 71% van die respondente gesê het dat hulle 'n dubbelsyfer-resessie verwag.

“Hierdie prognose is aansienlik swakker as die meeste deskundiges s'n, insluitend die IMF wat sy *World Economic Outlook Report* in September bekendgestel het. Terwyl die IMF wel sy vooruitskating van globale groei afwaarts aangepas het, verwag die organisasie nog steeds dat die wêreld-ekonomie teen 4% in 2012 sal groei,” sê Battersby.

Joubert sê dat vertroue in die regering se vermoë om werkloosheidsvlakke oor die volgende vyf jaar te verbeter, die heel swakste uitslag in hierdie tydperk was, met 'n vertrouensvlak van slegs 29%, wat 13% minder is as die 42% wat in die vorige kwartaal gemeet is.

“Dit verteenwoordig 'n enorme afname in vertroue en dit is waarskynlik ook as die gevolg van die feit dat dit wil voorkom asof die vooruitsigte vir die plaaslike sowel as die wêreld-ekonomie besig is om te verswak. Stats SA het ook onlangs laat blyk dat indiensneming met 2.9% verlede jaar gekrimp het – die ekwivalent van 395 000 werksgeleenthede wat daarmee heen is. Dit verwek ernstige kommer aangesien die regering werkskepping as 'n prioriteit geteiken het in die toekoms.”

Wat betref die toekoms van die gesondheidsorgstelsel in Suid-Afrika oor die volgende vyf jaar, is 'n vertrouensvlak van 46% gemeet, wat onveranderd is van die vorige opname. Op die vraag of die NGV (die nasionale gesondheidsversekering) 'n positiewe uitwerking op Suid-Afrika sal hê, was daar 'n verbetering tot 46%, 2% hoër as die vorige syfer.

Die PPS het 'n reeks konsultasiesessies met ons gegradueerde beroepsliede op die NGV gehou, en dié lede het ernstige kommer uitgespreek oor die lae vlakke van beraadslaging in die hele proses. Nog 'n ernstige bekommernis wat ons bespeur, is dat die huidige kwessies wat in die NGV bestaan, en die voorgestelde ingryping wat beleid betref, min op mekaar betrekking het,” sê Joubert.

“Algehele vertrouensvlakke soos deur die opname gemeet, het teenoor die tweede kwartaal onveranderd op 57% gebly in die derde kwartaal. Hierdie uitslae toon egter duidelik dat beroepsliede werklik bekommerd is oor hul persoonlike en die breër finansiële situasie. Dit sal in alle waarskynlikheid 'n oorheersende kwessie vir die res van die jaar wees, asook verder, tot diep in 2012.”

Ander resultate van die opname:

- Vertroue om in Suid-Afrika te bly, was onveranderd op 81% in die tweede kwartaal
- Vertroue in die verbetering van die misdadisyfers oor die volgende vyf jaar het tot 45% gestyg vanaf 43% in die tweede kwartaal
- Vertroue dat die onderrigstandaarde in Suid-Afrika oor die volgende vyf jaar sal verbeter, het van 47% na 48% gestyg
- 89% van respondente het gesê dat hulle bekommerd is oor die stygende koste van onderrig, vergeleke met 84% voorheen
- Vertroue oor die geleenthede beskikbaar vir praktisyns wat binne hul spesifieke beroep oor die komende 12 maande werk, het van 74% tot 73% gedaal
- Vertroue in die beskerming wat die Verbruikersbeskermingswet hul kliënte bied, het van 69% na 68% verminder

- Vertroue in die waarde wat bogenoemde wetgewing tot hul beroepe sal toevoeg, het tot 57% in die derde kwartaal geval, terwyl dit voorheen 60% was